# O.B.

Jrg. 7 | Kaapstad, Woensdag, 14 Januarie 1948 | No. 7

**„Nie slegs 'n Rhodes moet dit gegun word om die kaart van Afrika 'n kleur te gee nie. Oranje en groen het 'n ewe goeie kans vandag en môre as wat rooi ooit gehad het," skryf Toeskouer in meegaande artikel oor die geweldige ontwikkelingsmoontlikhede van Afrika en die plek wat die Afrikaner daarin moet neem.**

# ONTGINNING VAN AFRIKA WAG OP HERNUDE AFRIKANERDOM

**Afrika en die Afrikaner betree 'n nuwe tydperk. Dit sal wees één van reusagtige ontplooiing en ontwikkeling.**

**Die Afrikanerdom kan dit alleen met vertroue in die oë staar as die gemoed van die volk bevange is met 'n frisse, jong, daadlustige geeskrag, 'n drang tot grootse ondernemings, 'n geloof in eie vermoëns en 'n eie roeping. Die tydperk van te-ingetoë minderwaardigheidsgevoel met sy tweelingbroer, kleinlike afguns en kibbelary, moet nou in die graf daal; die eeu van verowerende meerderwaardigheidsgevoel breek aan.**

As die ou Latynse gesegde dat uit Afrika altyd iets nuuts voorkom ooit waar was, dan sal dit nou dubbel bewaarheid word. Dag na dag verkondig die koerante van alle kante luidkeels die feite. 'n Groot Britse koerantmagnaat beweer dat Suid-Afrika die middelpunt van die aardbol geword het. Die Britse Hoof van die Generale Staf, Veldmaarskalk Montgomery besoek die Unie. Kort daarop word twee eilande besuide Afrika annekseer. Miljoene ponde word in die Unie deur groot nyweraars belê en die vloed van kapitaal word vergesel deur 'n stroom van immigrante. **Nuwe goudvelde word ontdek en die eindelose minerale skatte uit Suid-Afrikaanse bodem staan aan die beginstadium van 'n eeu van ontginning en verwerking op ongehoorde skaal. Eersdaags sal bykans onuitputlike bronne steenkool in vloeibare vorm petroleum as brandstof kan vervang.**

### ONTGINNING VAN BRITSE KOLONIES

Ook Broot-Brittanje skrik uiteindelik wakker. Lank reeds dring denkende Britte by hulle regering op grootskaalse ontwikkeling van die Britse kolonies in Afrika aan. In hierdie verband is dit die moeite werd om op te let dat Oswald Mosley, die leier van die nasionaal-sosialistiese rigting in Engeland, geïnterneerde deur die oorlogsjare, dit lankal bepleit.

Nou het daar eindelik onder druk van ekonomiese probleme en in die besef dat uit reeds-

## *Deur „Toeskouer"*

uitgeboerde en oorontwikkelde Engeland weinig meer te haal is, beslissende optrede gevolg wat op die ontginning van die gebiede binne die Ryk in Afrika sal uitloop.

Ook die dollarmag van die V.S.A. toon belangstelling.

Vir sy geweldige produksiemasjien wat ten alle koste markte moet vind en derhalwe koopkragtige, ontwikkelende oorsese gemeenskappe as bestaansvereiste beskou, sal die ontginning van Afrika 'n blye vooruitsig wees. Die Amerikaanse belangstelling, indien nie noodwendig liefde nie, word daagliks deur berigte bevestig.

### SOOS DIE V.S.A. GEGROEI HET

**Trouens as Suid-Afrika en ook die res van Afrika wil weet wat hom voor die deur staan kan hy gerus na die V.S.A. kyk. Nou eers kry die sluimerende „donker" Afrika die geleenthede wat die Verenigde State reeds 'n honderd jaar of meer gelede gehad het. Sonder om die saak in volle besonderhede te ontleed — tewens volledige gegewens is nog nie beskikbaar nie — skyn die toekoms van Afrika op tegnologiese gebied nie minder groot as die van die Verenigde State nie.**

**Die enigste verskil is miskien dat die ontginning van Afrika op 'n later en meer gevorderde stadium in die ontwikkeling van tegniek en 'n meer beslissende uur van die geskiedenis van die mensheid geskied as dié waarin die Verenigde State sy kinderskoene ontgroei het.**

### TUSSEN OOSTE EN WESTE

Geleë tussen die siedende Nabye, Midde en Verre Ooste aan die een kant en die Weste aan die ander, sal Afrika en binne Afrika, tot hoë en hopelik toonaangewende mate, die Unie van Suid-Afrika, besmoontlik die lot van homself en die wêreld kan bepaal.

### LEWE OF DOOD

Terwyl die heroute elke dag vir dié wat wil luister 'n nuwe tydsgewrig aankondig ontstaan die vraag, wat gaan die Afrikanerdom doen? Doof wees en ondergaan of ag gee en leef?

**Die byna-alleenbesitter van 'n lewensbeskouing gebore uit Afrika en gelouter deur die probleme van Afrika, is die Afrikanerdom die natuurlike leierskorps vir die ontwakende vasteland; mits die gesindheid en gedrag dié van vérsiende leiers is.**

### DIE VERLEDE ...

Nadat die Voortrekkers nuwe wêrelde ontgin het moes hul nageslagte hul eie posisie bestendig. Dit was 'n tydperk van konsolidasie vir die Afrikaner. Met 'n mate van introspeksie is gewone gebied ontgin en beskerm. 'n Eie taal en lewensbeskouing is gevind en het tot hoë mate erkenning van buite verkry. Saam in een kraal het

(Vervolg op bladsy 8, kolom 1)

# Franco se „Fascisme" Sorg vir Gesinne

**Vaders van groot gesinne in Spanje ontvang 'n aansienlike kindertoelae, na Sapa-Reuter uit Madrid berig. Dit geskied regstreeks van die staat of onregstreeks deur middel van groter lone aan werkers in die nywerhede.**

Die aantal grootgesinne in Spanje word vandag op 142,943 gestel. Die grootste waarvan dié van Don Jose Antonio Sanchez van San Sebastian is. Hy het sestien ongetroude kinders vir wie hy moet sorg.

Staatstoelae word aan alle gesinne gegee waarin twee kinders of meer is. Vir twee kinders ontvang 'n vader 40 pesetas (18s.) per maand; vir ses kinders 160 pesetas (£3 14s.) en vir 12 kinders 1,080 pesetas (£24).

**Hierdie toelae word nie gegee in die geval van vaders wat in die nywerhede werk nie. In plek daarvan bestaan daar 'n punte-stelsel waarvolgens hul loon in verband gebring word met die grootte van hul gesin. Op hierdie wyse gebeur dit dat 'n werker met ses of sewe kinders dubbel soveel verdien as 'n oujongkêrel wat dieselfde werk doen.**


## *Mynwerkers Uit Engeland*

**Die skema waarvolgens 1,000 jong Britte deur Suid-Afrika in Engeland gewerf moet word, is deur die Britse regering goedgekeur.**

Mnr. E. J. Bolitho, superintendent van die staatsmynopleidingskool in Johannesburg, het reeds in Engeland aangekom om toesig te hou oor die werwing. Aan die applikante wat uitgekies word, sal voorrang verleen word vir die reis na Suid-Afrika.

## Atoomsplitser

**Die grootste magneet in die wêreld, bedoel vir die magtigste atoomsplitser, is so pas vir die Columbia-universiteit in Amerika opgerig. Die siklotron, wat voor die middel van die jaar in gebruik geneem sal word, sal protone tot 'n ongekende energie van 400 miljoen volt versnel. Wetenskaplikes vir wie die gevaarte gebou word, is van mening dat dit in staat sal wees om nie net atome op te breek nie maar selfs die basiese deeltjies daarvan (protone, neutrone, ens.). Die magneet, wat 2,500 ton weeg, is saamgestel uit staalblokke van 60 ton elk — één waarvan op die foto gesien kan word soos dit deur werksmense in posisie gebring word.**



# Onmin Teen Spanje Aan Verdwyn

**Gelyktydig met die voorspellings dat genl. De Gaulle met sy volksbeweging binnekort aan bewind in Frankryk sal wees as die enigste alternatief teen die kommunisme, word uit Washington berig dat gesaghebbende persone daar nie meer rede sien waarom Spanje nie sal deel in die Marshallplan nie.**

Vir die gerug uit Londen dat Marshall, Bevin en Bidault onlangs tydens die ministerskonferensie in Londen ooreengekom het om Spanje toe te laat, kon egter geen bevestiging verkry word nie. Daar word bygevoeg dat Spanje eers deur die ander 16 lande wat aan die Paryse konferensie deelgeneem het, aanvaar sal moet word.

# Amerika se Goue Koeëls Vir Stryd Teen Bolsjewisme

**Die Marshall-hulpplan, waarvolgens die Amerikaanse regering hoop om in die volgende 4½ jaar nagenoeg £4,000,000,000 vir hulp aan sestien Europese lande te bestee, is verlede week deur genl. Marshall, minister van buitelandse sake, voor die Amerikaanse kongres gelê.**

In die eerste jaar sal sowat £1,700,000,000 bestee moet word om te verhoed dat Europa die prooi van kommunistiese revolusie word. Dit is die absolute minimum, het genl. Marshall, gesê, en as dit nie toegestaan word nie, is dit beter om niks te spandeer nie, aangesien dit 'n verspilling van vermoë sal wees.

**Duitsland sal meer hulp as enige ander land uit die skema ontvang. Altesame 7,550,000 ton koring sal na Duitsland gestuur word en 26,000 treinwaens. Verder sal mynmasjinerie ter waarde van meer as £12,000,000 en landbou-masjinerie ter waarde van meer as £5,000,000 daarheen gestuur word** (Kort ná die oorlog is berig dat die Britse steenkoolmyne Duitse masjinerie in gebruik begin neem het wat toe beskryf is as die eerste werklik moderne masjinerie in die Britse myne.

Die sestien lande wat hulp sal ontvang is Brittanje, Frankryk, Italië, Swede, Griekeland, Turkye, Portugal, Ysland, Oostenryk, Denemarke, Switserland, Noorweë, Eire, Duitsland en België.

Middelerwyl heers daar toenemende spanning in Duitsland omdat die stryd tussen die Weste en Rusland te eniger tyd kan uitloop op die verdeling van Duitsland in twee. Daar is reeds sprake dat Rusland sy deel van Berlyn tot die hoofstad van die Oostelike Duitsland gaan verklaar en daarmee op die Duitse sentiment gaan speel.

# Bring Dood Vir 25,000 Walvisse

**Walvisvlote van sewentien moondhede voer nou reeds 'n volle maand lank 'n genadelose stryd teen walvisse in die koue Suidpool om olie aan die mensdom te verskaf waarvan kunsbotter, seep, gliserien en baie ander produkte gemaak word. Sowat 200 skepe met 'n totale bemanning van 10,000 neem aan hierdie jagtog deel en hulle sal nie hul stryd staak voordat hulle saam 25,000 walvisse van kant gemaak en bewerk het nie.**

Hierdie jagtog is 'n jaarlikse instelling. Die jagseisoen begin op 8 Desember en sluit gewoonlik amptelik op 8 April wanneer die vermoeide bemannings in skepe swaar belaai met vate olie na huis en haard terugkeer om vir die res van die jaar te teer op wat hulle verdien het en te gesels oor hul wedervaringe gedurende die jongste jagtog.

Onder die lande wat aan die walvisjag deelneem is Noorweë, Brittanje, Rusland, Argentinië, Nederland en Suid-Afrika, wat ook sy deel van die oes sal kry. Hierdie oes sal ongeveer 500,000 ton weeg en is vandag maklik £50,000,000 werd.

### GEVAARLIK

Die jag op hierdie seemonsters is nogal dikwels 'n gevaarlike stukkie werk, maar ook avontuurlik. Ongelukke word tans egter tot 'n groot mate uitgeskakel deur die gebruik van moderne toerusting. **Dit gebeur dikwels dat wanneer die harpoen die walvis tref, hy diep onder die water induik — tot twee myl — en as die kabel waaraan die harpoen geheg is, nie lank genoeg is nie, is die bemanning genoodsaak om dit deur te kap en hul slagoffer maar te laat gaan eerder as om saam die dieptes ingetrek te word.**

### 300 OSSE

Walvisse word tot 100 voet lank en weeg ongeveer 1 ton per voet, sodat 'n knewel maklik 200,000 pond weeg, wat gelyk staan aan die gewig van 50 olifante of 300 groot osse.

Hierdie visse is nie alleen die grootste seemonsters nie, maar hulle staan ook volgens gesaghebbendes bekend as die grootste van alle soogdiere wat ooit geleef het. Hulle verskil egter in een opsig van hul ander soogverwante: Hulle het geen hare nie terwyl al die ander soogdiere soortgelyke bedeksels het om hulle warm te hou. Die walvis se vel is egter voorsien van 'n laag vet wat hom warm hou. Hy het dus geen ongerief om in die koue poolstreke rond te baljaar nie.

### SOOS KOEIMELK

Hulle teel aan soos gewone soogdiere en die walviskoei soog haar kleintjie aan spene wat aan die buitekant van die vis sit. Jagters wat toevallig koeie onder skoot gekry het, verklaar dat die melk wat hulle uit die spene gepers het, heerlik soet smaak en hulle herinner aan koeimelk met 'n oormaat room.

Die walvis se kop beslaan eenderde van die lengte van sy lyf. In teenstelling met sy reuse liggaam het hy klein ogies. Hy lewe op klein mikroskopiese seediere wat hy met sy „baard" opvang terwyl hy van die water in sy bek ontslae raak. Gebrek aan voedsel ken hy dus nie.

### VLEIS

Daar gaan baie min van die walvis se karkas verlore. Die olie word uitgebraai en die vleis verwerk en in koelkamers weggepak. Engeland vestig sy hoop tans veral op hierdie walvisvleis en het spesiaal bote saam met sy walvisvloot gestuur wat kan sorg dat hy genoeg van die vleis in die hande kry.

Die meedinging in die walvisgebied word van jaar tot jaar groter. Gedurende die oorlogsjare het die jag nie sy volle gang gegaan nie. Verlede jaar het vyftien volke aan die jagtog meegedoen. Vanjaar is dit reeds sewentien en volgens die jongste aanduiding sal verskeie lande nog tot hierdie geledere toetree.

## Walvisboot Beskadig

'n Noorweegse walvisvanger, die Globe X, het verlede Donderdag na 'n elfdaagse worsteling deur mis en storms in Kaapstad aangekom vir herstel as gevolg van 'n botsing met 'n blou walvis. Die vis het die skip teen sy skroef in volle vaart getref nadat hy met die eerste harpoen geskiet is.

## A.P.-tak Word Te Groot Op Stellenbosch

**Aangesien die Afrikanerparty-tak in Stellenbosch en omgewing reeds oor die tweehonderd lede ingeskryf het, het die bestuur dit wenslik geag om 'n tak van die party te Vlaeberg af te stig.**

Op 'n vergadering wat Donderdagaand, 8 Januarie, by die huis van mnr. Charlie Hopkins gehou is, het die organiserende sekretaris, mnr. W. R. Laubscher, in 'n kort uiteensetting die vordering van die party in Kaapland geskets.

Hy het o.a. aangetoon hoe vinnig die party gegroei het en die mening uitgespreek dat dit wenslik sal wees om in die omgewing van Vlaeberg 'n tak te stig. „Omdat," het mnr. Laubscher gesê, „die bestaande tak reeds te lywig word om maklik en flink te funksioneer en dit dus feitlik noodsaaklik geword het om in Vlaeberg en omgewing, met sy nagenoeg 60 lede, 'n tak af te stig."

Die stigting van 'n Afrikanerparty-tak te Vlaeberg is uit die aard van die saak 'n geskiedkundige gebeurtenis. Met die skeuring in 1941 het die Nasionale Party-tak dáár tot niet geloop. Tans het daar uit die ruïne van die vroeëre N.P.-tak 'n lewenskragtige A.P.-tak gegroei, wat in bondgenootskap met die H.N.P. in 'n verenigde front teen die vyand sal optrek.

As ampsdraers vir die nuwe tak, is die volgende persone verkies: Mnr. Boy Wium as voorsitter; mnr. J. C. de Waal as vise-voorsitter; mnr. Heine Bosman as sekretaris en as assistent-sekretaris mnr. W. I. Louw.

Die bestuur is verder deur die volgende persone aangevul: Mnre. Charlie Hopkins, T. C. Roos en mnr. D. D. Joubert R/seun. Die twee dames wat op die bestuur verkies is, is mev. J. R. (Dot) Joubert en mev. Boy Wium.

(Korrespondent).

## VLIEGTUIE SAL SPRINKAANPLAAG BEVEG

Die sprinkaanplaag in Suid-Afrika en aangrensende gebiede sal voortaan op rewolusionêre wyse beveg word as gevolg van die suksesvolle metodes wat die afgelope jaar uitgetoets is deur sprinkane vanuit vliegtuie met gifstowwe te bespuit.

Sodra 'n swerm vlieënde sprinkane gewaar word, sal afdelings vliegtuie soos in die geval van oorlog opstyg om die „vyand" aan te val. Die sprinkane sal dan gedwing word om deur die laag gif te vlie wat ook die einde van hul bestaan sal wees. Sprinkane sal voortaan internasionaal op hierdie manier beveg word.

Voetgangersprinkane sal ook op hierdie manier bestuif word, en waar moontlik sal voorkom word dat hulle ontsnap voordat hulle kan vlie.

Die bestryding sal hoofsaaklik plaasvind in die gebiede waar die sprinkane uitbroei.

## Bring Leër Teen Jode In Gereedheid

Duisende jong Arabiere word tans in 'n guerrilla-leër opgelei vir 'n heilige oorlog teen die Jode om besit van Palestina, na Sapa uit Jerusalem berig. Die leër sal glo binne 'n maand gereed wees om as 'n gedissiplineerde mag tot optrede oor te gaan. Baie van die offisiere is Britte wat graag teen die Jode wil veg. Die sekretaris-generaal van die V.V.O., Trygve Lie, het verlede week gevra dat die V.V.O. 'n veiligheidsmag na Palestina moet stuur om toe te sien dat die besluit van die V.V.O. om Palestina te verdeel uitgevoer word. Intussen vind gewelddade tussen Jode en Arabiere nog elke dag plaas met hoë lewensverlies.

## Belasting Sonder Belangstelling

**Op 'n onlangse vergadering van die Kaapse Hospitaalraad is in 'n verslag van die plannekomitee gekla oor die gebrek aan belangstelling in hospitaal-aangeleenthede van die kant van Provinsiale Raadslede. Alle Skiereilandse L.P.R.'s—elf in getal—is na 'n vergadering van die komitee genooi waar die dringende tekort aan beddens bespreek sou word, terwyl ook die program vir hospitaaluitbreiding aan die Provinsiale Raadslede voorgelê sou word. Van die elf wat uitgenooi is, het net twee lede hul opwagting gemaak. Agt van dié wat weggebly het, het nie eens op die uitnodiging geantwoord nie.**

**Intussen word stappe oorweeg om Kaaplanders hoër te belas met die oog op hospitaaldienste.**

*AMAJUBA ROEP!*

GROOT

VRYHEIDSDAGVIERING

OP

AMAJUBA

27 FEBRUARIE 1948

•


*Bevelvoerende Offisier:*

ONS KOMMANDANT-GENERAAL

•

Vanwaar u ookal is, kom vier saam met u kamerade vanuit die hele Unie Vryheidsdag op die Berg van Oorwinning!

HOU „DIE O.B." DOP VIR NADERE BESONDERHEDE.



'n Walvisvanger met sy buit langs hom in die water. Dooie walvisse word opgepomp sodat hulle kan dryf.

# Afrikaner Ontdek Nuwe Metode Teen Kanker

**'n Suid-Afrikaanse kankernavorser, professor dr. J. van Roojen van Kaapstad, was verlede week in die wêreldnuus, en sou ongetwyfeld, te oordeel na sekere berigte, heelwat belangstelling veral in Moskou geniet het. Prof. van Roojen het naamlik 'n nuwe metode om kanker met radium te behandel, ontdek wat tot sover buitengewone goeie resultate gelewer het.**

**Die metode kom kortliks daarop neer om die kwaadaardige groeisel vir 'n aansienlik korter tydperk met onderbrekings te bestraal in plaas van die ou langdurige bestraling wat soms 'n maand of langer duur. Die gevolg is dat die gesonde weefsel nie beskadig word nie en dus baie gouer kan heel. Na 'n behandeling van 'n week word die pasiënt huistoe gestuur en in meeste gevalle blyk die genesing permanent te wees.**

Prof. Van Roojen, wat hoof was van die radiologiese departement aan die Universiteit Kaapstad, se dienste sou van die begin van die jaar af beëindig geword het weens gebrek aan fondse vir die besondere leerstoel. Pogings word tans aangewend om 'n fonds op te bou wat die navorser in staat sal stel om met sy waardevolle werk voort te gaan. Die fonds is geopen met 'n skenking van £5,000 deur 'n Kaapstadse sakeman, mnr. Frank Connock.

# Spanje Bied Oplossing Vir Klassestryd

In 'n artikel in die Spaanse blad Madrid Arriba onder die vermoedelike skuilnaam van genl. Franco, „Hispanicus" word die stakings in Frankryk en Italië toegeskryf aan „verkeerde en ontaarde staatkundige taktiek".

**„Dit is vandag nodig om nuwe politieke begrippe toe te pas wat die sosiale behoeftes van die massas besef en konkrete oplossings daarvoor bied. Om die klasse-oorlog as onvermydelik te aanvaar, kan slegs tot ondergang lei." aldus „Hispanicus" wat daaraan toevoeg: „Die wêreldgebeure is vandag 'n bewys van hoe reg die Spaanse volk is wat deur middel van sy staatkundige-sosiale politiek die ander lande talle jare vooruit is. Sosialistiese anargie bestry Spanje met 'n ware sosialistiese staat."**

# Nuwe Middel Teen Spatare

'n Amerikaanse firma het 'n nuwe middel ontwikkel wat mense sal help wat ly aan siektes wat deur die bloedsomloop veroorsaak word. Dit is reeds met welslae toegepas op 2,000 pasiënte in die universiteitshospitaal van Michigan.

Na verklaar word sal dit hoë bloeddruk nie heeltemal genees nie, maar sal die druk verlaag en die pyn verlig — in dieselfde mate as wat verligting gebring word deur die operasie waardeur sekere senuwees van die onwillekeurige senuweestelsel afgesny word. Daar is bevind dat dit swere van spatare aan die bene en voete genees, deurdat dit toegetrekte are weer oopmaak. Die middel, wat ingespuit moet word, word reeds vervaardig.

## Ondersoek Hervat Na Kommunisme In Rolprentbedryf

**Die staatsondersoek na kommunistiese bedrywighede in Hollywood is hierdie maand hervat. Die voorsitter van die kommissie van ondersoek, J. P. Thomas (Republikein) het verklaar dat 'n groter aantal name en meer getuienis voor die kommissie gelê sal word.**

Tien Hollywoodse mans wat geweier het om voor die kommissie te erken of hulle lede van die Kommunistiese Party is of nie, se dienste is deur die onderskeie ateljees intussen beëindig.

Op 'n vergadering het Thomas gesê dat daar nog afdrukke van 'n hele aantal persone se Kommunistiese Partykaarte ingedien sal word. „Indien die rolprentnywerheid dink dat hy sy huis sal skoonmaak deur slegs tien persone in die pad te steek, slaan hy die bal ver mis," het hy gesê.

## Rantsoenering Van Petrol

Aanduidings dat petrolrantsoenering Suid-Afrika voor die deur staan is verlede week gevind in 'n beroep van min. J. W. Mushet, waarnemende Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, op die publiek om minder petrol te gebruik. Hy het verwys na die bedreiging van petrolvoorrade in die Midde-Ooste wat baie ernstiger is as wat meeste mense reken. „Ons het slegs die helfte van die petrolreserwe waarop ons as verstandige mense behoort aan te dring," het hy gesê.

Van gesaghebbende kant is daarop gewys dat alleen die regering by magte is om petrolverbruik te besnoei tensy dit vrywillig deur motoriste self gedoen word. Daar is geen ander stelsel van verpligte besnoeiing as deur middel van koepons nie.


**BRUIN SWITSERSE BEESTE**
**TEN VOLLE GEREGISTREERD.**
Die WINTERBERG-STOET van Geregistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.
**Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:**
**G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.**


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*







**KO-OPERATIEWE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID AFRIKA BEPERKT**

**(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939)**

**AFLEWERING VAN DRUIWE BY K.W.V. STOKERYE 1948 WYNOES**

Vir algemene kennisneming word bekendgemaak dat die K.W.V. bereid is om gedurende 1948 druiwe te ontvang by die Stokerye te Stellenbosch, Paarl, Worcester, Robertson en Montagu teen die vasgestelde prys vir stookwyn. Die gewone 5/- per ton vir parsonkoste sal nie gedurende 1948 afgetrek word nie.

Boere wat van die diens gebruik wil maak, moet by die Stokery-bestuurder waar hulle wil aflewer voor die 15de Januarie 1948 skriftelik aansoek doen, en terselfdertyd die volgende inligting verskaf:—

1. Die hoeveelheid druiwe.
2. Die soorte druiwe.

CANZIUS C. PRETORIUS,
Sekretaris.

Posbus 528,
Zuider Paarl.



NOODHULP VIR DUITSLAND

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**

**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**

**Bloedstraat 164, PRETORIA.** **Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**

**VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA.**



**£14 miljoen**

**.. ONS JAARLIKSE MIELIE-OPBRENGS**


Die mielie is Suid-Afrika se vernaamste graangewas. Die opbrengs oorskry in waarde die van al die ander graangewasse tesame. Van minder as 40,000 ton in 1904 het die produksie gestyg tot byna 3,000,000 ton in 1939. Die jaarlikse oes word tans op £14,000,000 beraam.

Goed verteenwoordig in die vernaamste mielieproduserende gebiede, lewer VOLKSKAS bankdienste ook aan 'n groot gedeelte van ons land se mielieboere.

Hierdie bankdiens sluit o.m. in lopende tjekrekenings en spaar- en beleggingsfasiliteite. Die Bank hanteer ook oorsese (devise) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

*Navrae word verwelkom.*

**HOOFKANTOOR: PRETORIA**
**LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited**
**NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.**



VOLKSKAS BEPERK
BANKIERS

„DIE O.B.", WOENSDAG, 14 JANUARIE 1948

# Die Demokrasie Soek Hulp By Hitlers

Twee staatsmanne het die afgelope weke menings gelug oor die Europese stryd teen die kommunisme, wat vir die Ossewabrandwag van aansienlike belang is. Die een is genl. De Gaulle van Frankryk wat dit baie duidelik gestel het dat sy land deur die goeie bedoelings van politieke partye trapsgewys na benede gesleur word. Partyregering, het hy gesê, is onversoenbaar met ware volksregering en 'n politieke party is onmagtig om met 'n deurtastende program te kom.

Die ander staatsman is genl. Franco van Spanje wat die strydmetode in Frankryk en Italië teen die kommunistiese wanorde as „verkeerde en ontaarde staatkundige taktiek" beskryf. „Spanje," het hy daaraan toegevoeg, „beveg sosiale anargie met 'n sosiale staat."

**Indien die Geallieerdes vier of vyf jaar gelede die mag daartoe gehad het, sou hulle genl. Franco opgehang het as 'n Hitlersvriend.** Selfs vandag nog word Spanje amptelik uit alle volkere-organisasies geweer soos 'n melaatse weens die feit dat Franco „fascisties en ondemokraties" is.

Vyf jaar gelede sou genl. De Gaulle met geesdrif deur die Geallieerdes gekroon geword het tot nasionale held van Frankryk, was hy inderdaad die groot kampioen in die stryd teen „fascisme". **Vandag is hy 'n vyand van die demokrasie, maar word nogtans deur dieselfde mense bejeën as die laaste hoop van Frankryk en die Weste, indien die politieke partye die stryd teen die kommunisme verloor. Dat hy vandag teen die parlementêre stelsel is, vind hulle onaangenaam, maar indien hy met sy volksbeweging Frankryk, en daarmee die Weste, kan red, welkom!**

### NUWE HITLER — MEER WES

Skerpsinnige staatsmanne soos Churchill sal die teenstrydigheid miskien nie ongemerk verby laat gaan nie dat 'n oorlog wat teen 'n Duitse Hitler begin is, moontlik afgesluit sal moet word met 'n Franse Hitler as die enigste oplossing om Europa van kommunisme te red, net soos die Duitse Hitler indertyd die wal moes vorm tussen die rooi vloedgolf en die Westerse beskawing — met slegs dié verskil dat die wal nou heelwat meer na wes verskuif is.

**Uit Amerika word intussen berig dat regeringskringe hul vereenselwig met stemme wat opgaan ten gunste van die insluiting van Spanje in 'n Westerse mobilisasie van kragte teen die bolsjewisme.** En dit is dan ook opmerklik hoe Reuter in die jongste tyd al meer berigte uitstuur omtrent die deugde van die Spaanse nasionale sosialisme — berigte omtrent verpligte Kersgeskenke, verhoogde pensioene en gesinsorg.

**Die feite is duidelik: Genl. Franco en genl. De Gaulle is vandag die laaste hoop van Wes-Europa omdat hulle die enigste doeltreffende alternatiewe het vir die kommunisme by die afsterwe van die parlementêre demokrasie met sy tweelingbroer, die kapitalisme, wat in hul konsekwensies uitloop op kommunistiese anargie.** Die parlementêre demokrasie aan die een kant verdedig die bestaansreg van alle partye — ook die Kommunistiese Party. En die kapitalisme aan die anderkant veronderstel en verdedig die bestaan van die klassestryd — die voedingsbron van die kommunisme. **Daarom is hierdie begrippe onmagtig om te red uit die hande van kommunistiese anargie wat oorgaan tot kommunistiese diktatuur, want dit is eintlik hul eie byprodukte.**

**En daarom word in die uur van uiterste nood opgesien na manne en stelsels wat by magte is om kommunistiese anargie te vervang met 'n nasionale sosiale staat. Daarom is genl. De Gaulle welkom as 'n nuwe Hitler en word genl. Franco nou verskoon as 'n Hitlersvriend.**

# Sy Ou Skoene Te Veel Vir Hom

Die Provinsiale Administrasie van Kaapland het dringend geld nodig vir groter hospitaaldiens en onderwys — die twee belangrikste sake waarvoor die provinsiale rade vir die afgelope halfeeu in stand gehou is. Omdat Kaapland alleen nie in staat is om hierdie laste afsonderlik te dra met die finansiële middele wat hom toegelaat is nie, word daar tans gedreig met buitengewone belastings soos o.a. dié op radio's en petrol, nadat die motorbelasting reeds verlede jaar drasties verhoog is. Hierdie bykomstige belasting sal die inwoners van Kaapland alleen moet dra sodat, terwyl landgenote in meer welvarende provinsies 'n verademing sal kry by die te wagte verligting in die Uniale belastingdruk, burgers wat ongelukkig genoeg is om duskant die Oranjerivier te woon, eenvoudig maar met die een hand aan die provinsiale owerheid sal moet teruggee wat hulle van die Uniale ontvang het. **En dit net omdat die provinsiale raad van Kaapland nie bereid is om sy uitgediende bestaansreg op te gee nie ten spyte daarvan dat sy blote bestaan deur 'n kommissie bevind is as 'n klip in die pad van die ontwikkeling van daardie selfde gesondheidsdienste waarvoor hy nou belastings wil hef.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Kan dit gekker? Almal buite die provinsiale raad — en selfs 'n paar lede daarbinne — erken dat hierdie stelsel, wat 'n vermufte kompromis is, uitgediend is. Ook genl. Smuts het dit onlangs op sy kongres erken. **Tot hoe 'n mate dit die geval is blyk nog weer uit 'n berig dat slegs 2 van 11 provinsiale raadslede soveel, wat uitgenooi was na 'n aangeleentheid waarvoor hulle oor 'n paar weke spesiale belastings gaan hef, genoeg belangstelling getoon het om op te daag.**

Die ekstra belastings wat gaan kom, sal bestee word aan lapwerk sover dit gesondheidsdienste betref omdat geen grondige gesondheidskema daarmee aangepak kan word nie, soos die verslag van die Gesondheidskommissie ten duidelikste getoon het. **Waarom dit dan toelaat? Waarom langer voortboer met 'n ding wat net 'n las geword het? Het instellings onder die huidige bedeling dan werklikwaar belangriker geword as die dinge waarvoor hulle in die lewe geroep is? Of het die parlement dan werklik tot so 'n magteloosheid verval dat hy nie eens meer in staat is om sy eie ou skoene uit te trek nie? En as dit so is, hoe kan hy nog daarop aanspraak maak om vraagstukke wat veel magtiger as 'n ondergeskikte provinsiale raadjie is, aan te durf?**

## Ons en die Naturel

# NUWE GEES IS NODIG IN ONS RASSEVERHOUDINGS

**Hierdie artikel is die eerste van 'n reeks wat deur die skrywer bedoel word as 'n poging om 'n nuwe verstandhouding tussen die blankes en nie-blankes te skep as die enigste alternatief vir 'n ewigdurende kleuroorlog waarin almal sal verloor. Die kern van die hele gedagte is dat geen bestaan langs mekaar ooit moontlik is in 'n gees van vyandskap nie. Mense wat saamwoon, kan dit alleen in vrede en vriendskap doen.**

Die gevaar bestaan dat die naturelle vraagstuk in die komende jaar as 'n strydvraag binne die partypolitieke arena gesleep sal word — 'n gevaar waarteen sowel van dr. Malan as van regeringskant al gewaarsku is. Voordat die vraagstuk dus vertroebel gaan word deur 'n verkiesingshisterie waarin ons alle perspektief gaan verloor, is dit nodig dat ons die saak op 'n nugtere wyse oordenk. Ek wil in die paar artikels wat gaan volg afwyk van die tradisionele benadering van die vraagstuk deur die saak soveel moontlik vanuit die standpunt van die naturel te stel, en baie wat vir die naturel gesê kan word, sal ook vir die nie-blanke in die algemeen geld.

### MEDEWERKING NODIG

Ek doen dit omdat dit my oortuiging is dat as ons hierdie vraagstuk ooit onder die knie wil kry, ons die welwillende medewerking van die naturel daarvoor moet wen, en in die tweede plaas omdat 'n duursame oplossing alleen op die grondslag van regverdigheid verkry kan word, en regverdigheid vereis dat jy die standpunt van die ander man ook moet ken.

Baie skade vir ons rasseverhoudings is reeds aangerig deur dat ons die vreesmotief as basis vir ons uitgangspunt geneem het. Ons kan al feitlik nie meer van die naturellevraagstuk praat nie sonder om terme soos „die voortbestaan van die blankedom" te gebruik sonder om te dink dat ons daarmee die veronderstelling in die skoot van die naturel werp dat sy bestaan strydig is met dié van die blanke in Suid-Afrika. **In plaas van ons oplossing — en daarmee ons bestaan — soek in versoening, soek ons dit in teenstelling, waarvan die konsekwensies is dat minstens een van die partye of albei dit as 'n kwessie van „hy of ek" beskou**

*Deur*
*N. G. S. v.d. Walt*

**in plaas van „ons albei". Intussen laat ons dit aan die vyfde kolonner van Moskou oor om vriendskap vir die nie-blanke, wat ons weier om te gee, te veins.**

### BONDGENOOTSKAP

Ek wil dan dadelik begin deur sekere stellings neer te lê wat vir sommige skokkend mag voorkom in die lig van ou slagkrete, maar skokke op hierdie stadium kan miskien nog tydelike ontnugtering bring—op 'n latere stadium kan dit moontlik iets ergers wees.

My eerste stelling dan is dat ons ons behoud nie soseer moet soek in bondgenootskappe van blankes teen nie-blankes nie, dog in 'n bondgenootskap met die nie-blankes in Suid-Afrika. Hiervoor is nodig dat ons die vriendskap van die nie-blanke moet wen sodat ons van hom 'n vriend sal maak in plaas van 'n vyand.

### VERKYKER

Dit op sy beurt verg weer dat ons die belange van die nie-blanke op die hart moet dra, **m.a.w. dat ons ons eerlik en positief beywer vir die welvaart van die nie-blanke, en nie al ewig met 'n verkyker sit om te ontdek wanneer die een of ander bevordering van sy belange 'n bedreiging vir blanke gerief of gewaande behoud kan wees nie.** Want laat ons feite in die oë kyk: Niks hou 'n groter bedreiging vir die blanke voortbestaan in nie as juis hierdie nimmereindigende verdedigende houding wat ons ten opsigte van die nie-blanke inneem. **Ons sien in hom 'n vyand en ons sê dit vir hom in elke woord en daad, en dan verwag ons dat hy ons as 'n vriend — selfs as 'n voog sal beskou!**

### ONS ROEPING

Hier kom die woorde van Christus te pas: „Wie sy lewe wil red sal dit verloor, en elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red." **Want inderdaad gaan ons hele bestaan in Suid-Afrika om Christus ontwil van wie ons meen ons die mandaat verkry het om die Christelike lig in Donker Afrika in te dra. As ons dus meen dat ons 'n roeping het, en wel 'n roeping in die naam van Christus, dan is dit nodig — en hoog tyd ook — dat ons daardie roeping vervul sonder vrees in plaas van net 'n dekmantel daarvan te maak om ons eie belange as ras te bevorder ten koste van die onontwikkelde naturel.**

### WARE GELYKHEID?

Om dan terug te keer tot my eerste stelling: As ek praat van bondgenootskap van die naturel dan bedoel ek daarmee iets heeltemal anders as wat die liberalis met sy beleid van gelykstelling dink dat hy beoog. Ek sê uitdruklik „dink", want as ooit 'n persoon onverdiende krediet ontvang het, dan was dit toe ons die liberalis daarvan beskuldig het dat hy vir gelykstelling staan. **Want langs die weg van die liberalisme lê groter ongelykheid vir die nie-blanke as wat selfs die wanvoorstellings van apartheid inhou.** In 'n liberalistiese staat sal die naturel wel in naam gelykheid hê — „gelyke geleenthede en gelyke besoldiging", maar as die onontwikkelde, die nie-besittende massa, sal die „gelyke geleenthede" net vir enkele bevoorregte lede van die ras beskore bly wat hulle so spoedig moontlik sal wil disassosieer van hul onbevoorregte stamgenote wat die groot proletariaat sal vorm. Daarvan gee Amerika vandag reeds die voorbeeld.

### 'N EIS

En wat gelyke lone betref, dit sal meebring 'n eis vir gelyke prestasie waartoe die naturel weens sy eeue-agterstand op hoë uitsondering na nie in staat sal wees nie. **Werkloosheid sal dus hoofsaaklik die prerogatief van die naturel wees, en hy sal uiteindelik soos 'n verlore seun aan die voete van sy liberalistiese vader wil gaan val en smeek om maar as 'n dienskneg aangeneem te word nadat die misplaaste vaderlike liefde hom by die varktrogge laat beland het.**

Ek sou reken dat die leer van apartheid veel eerder 'n leer van gelykstelling is as die liberalisme. Want apartheid, wat beoog afsonderlike nasionale state vir die naturel, hou in dat die naturel gelykheid langs die blanke verwerf op sy eie terrein. **Hy word daar ook 'n baas van sy plaas, 'n baas van sy fabriek, 'n minister, 'n regter 'n professor, 'n kafee-eienaar, of wat ook al, net soos die blanke dit word in die gebied langs hom. Dit immers is ware gelykheid of gelykstelling — en nie die ydele drome van die liberaliste nie wat aan die naturel wel 'n carteklas reispas na selfverwesenliking uitreik, terwyl alle beskikbare plekke reeds vol bespreek is.**

### APARTHEID

Ek stel my dus onomwonde op die standpunt van apartheid, wat ek, saam met mnr. J. H. Hofmeyr — hoe snaaks dit ookal klink — beskou as die ideale oplossing van ons naturellevraagstuk, maar anders as mnr. Hofmeyr, wat in terugdeinsing

(Vervolg op bladsy 7, kolom 5)

# U Julievakansie en die Laertrek op Coopersdal

## Van 6 tot 13 Julie 1948

**Die winterklimaat in die Oos-Transvaalse Laeveld is ideaal vir kampering in die ope lug gedurende Juliemaand. Vrugte en groente is volop. Die dae is heerlik en daar is geen reën wat ongerief kan veroorsaak nie.**

**Soek u 'n aangename vakansie-oord vir Julie 1948? Kom dan na Oos-Transvaal. Besoek die Krugerwildtuin of gaan maak kennis met Lourenco Marques *en reël dit met gemak so dat u ook die Laertrek bywoon te Coopersdal* reg op u pad.**

Daar sal 'n laerafdeling wees vir volle gesinne wat so wil kampeer; verder 'n aparte afdeling vir mans en seuns; asook 'n afdeling vir vroue en dogters.


Die tyd is so gekies dat Transvaalse gesinne die skoolvakansietyd met die laer kan begin; en dat gesinne uit die suide die skoolvakansietyd daarmee kan afsluit. Kom doen saam en verkwik uself in alle opsigte.

Coopersdal is naby die grootpad wat aan die suidekant toegang verleen tot die Wildtuin vanaf Komatiepoort of tot die Portugese gebied ooswaarts. Ry tot op Komatipoort en swaai 'n kort 9 myl suidwaarts in Transvaal op die Komatipoort-Swasilandpad uit en u is op Coopersdal — 'n lieflike omgewing. **U is op die Laerplek en dan net 20 myl van die ingang tot die Krugerwildtuin en sowat 90 myl van Lourenco Marques af.**

Alle lede van die Ossewabrandwag wat die Laer wil bywoon moet asseblief skryf aan die Stafhoof, Gebied, F, Sanlamgebou 616, Pretoria, om volledige besonderhede. **Doen dit gou; u sal nie spyt wees nie!**

Die Laer staan onder leiding van offisiere van die Gebiedshoofkwartier van die Ossewabrandwag.

Let wel: Bestudeer die bygaande kaart.




# Britse „Spivs" Word Ryk Op Handel In S.A. Pakkies

**Die onwettige uitvoer van voedsel na Engeland deur middel van direkte bestellings vanuit Brittanje wat dan onder die dekmantel van „geskenkpakkies" versend word om ten duurste op die Britse swartmark verkoop te word, het nou so 'n omvang aangeneem dat die poskantoorowerheid gelas het dat alle pakkies wat na Engeland gestuur word die volle naam en adres van die persoon wat die pakkie gekoop het sowel as die firma waar dit gekoop is se naam moet dra. Dit word gedoen om die opsporing van swartmarkhandelaars moontlik te maak.**

Volgens die pakkie-stelsel mag pakkies alleen as geskenk deur 'n persoon in Suid-Afrika aan 'n bekende in Brittanje gestuur word.

**Die „spivs" in Brittanje het egter baie gou hierin 'n metode gesien om ryk te word. Hulle het begin om regstreeks pakkies vanuit Suid-Afrika te bestel en dit dan teen groot wins aan hongeriges in Brittanje te verkoop. Ander weer het hierin 'n middel gesien om hul diëet aan te vul deur self pakkies aan hulle te „skenk" deur eenvoudig regstreeks vanuit Brittanje te bestel of om aansienlike bedrae aan persone in Suid-Afrika te stuur wat elke week 'n sekere aantal pakkies aan hulle moet stuur.**

### WAS BEWUS

Dit blyk dat die owerheid van die begin af van hierdie praktyk bewus was, maar hy het maar oë toegemaak.

**Eers toe berigte onlangs in die Britse pers hierdie praktyk aan die lig gebring het, is daar opgetree.** 'n Belofte is gemaak om voortaan streng op te tree en toe te sien dat die regulasies nagekom word.

Die praktyk is ontdek deurdat gevind is dat sommige persone in Brittanje 'n abnormale aantal pakkies ontvang. Dit is egter uiters moeilik om die skelms vas te trap.

***Verseker u Toekoms***
**deur die Eienaar te word van**
**VASTE EIENDOM**
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
**Raadpleeg —**
**J. (Kotie) THERON**
**Posbus 78 Foon 0028**
**CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND**

## *Nuus van Oral*

# Motors Nog 2 Jaar Lank Skaars

**Motorfabrieke in Amerika sal nog nie binne die eersvolgende twee jaar in staat wees om aan die vraag vir alle soorte motors te voldoen nie, na Sapa-Reuter uit Washington berig.** Tekort aan staal wat verleng sal word deur die Marshall-hulpplan vir Europa, word as die belangrikste rede hiervoor aangevoer. Pryse sal ook nog steeds 50 persent bo die vooroorlogse bly.

Die eerste splinternuwe modelle sal binnekort op die mark verskyn. Nuwe motors van die afgelope jare was feitlik maar 1942-modelle op een uitsondering na—die Tucker Torpedo—sal daar geen groot omwentelings ten opsigte van die enjins wees nie.

## *Olie In Duitsland*

Die Amerikaanse militêre bewind in Duitsland gaan die ontginning van onderaardse olie in Duitsland finansier ten einde die Amerikaanse belastingbetaler die £12 miljoen per jaar wat vir Duitsland se olieverbruik bestee word te bespaar. Amerikaanse deskundiges het vasgestel dat daar betalende olieneerslae in Beiere aanwesig is.

## *Eiers Bly Vars*

Eiers met 'n lagie kunshars oor kan vir 'n jaar goed bly buitekant 'n koelkas, blykens resultate van die petrolium-navorsing in verband met landbou, in Amerika. Die verslag lui dat eiers wat in olie gedoop word langer goed bly as dit in 'n koelkas gebêre word, maar dat 'n dun lagie kunshars dit vry van bederf buite 'n koelkas kan hou.

## *Senuwee 100,000 Maal Vergroot*

Die eerste kykie binne die geheimsinnige kern van die menslike senuwee, wat 'n samestelling geopenbaar het wat nog nooit tevore waargeneem is nie, is deur die Elektron-mekroskopiese Vereniging van Amerika aangekondig. Die ontdekking, wat nuwe kennis omtrent die werking van senuwees belowe is gedoen met behulp van 'n elektroniese miskroskoop wat 100,000 maal vergroot — ver kragtiger as enige ander mikroskoop wat met gewone lig werk.

## Inenting Teen Griep

Dit sal in die toekoms moontlik wees om 'n gemeenskap teen griep in te ent waardeur twee vorms van die siekte tot ongeveer 70 persent beperk sal word indien 'n griep-epidemie hom weer sou herhaal, volgens dr. Francis Blake van die Yale-universiteit.

Hy het verduidelik dat die groot moeilikheid is dat griep deur verskillende soorte virusse veroorsaak word, en hoewel 'n middel teen sommige gevind is, is daar nog ander wat nie doeltreffend bestry kan word nie.

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

# TEKEN REGSTREEKS OP „DIE O.B." IN

**Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie l.l. verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10s. per jaar (vooruitbetaalbaar) op „Die O.B." in.**

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..............................

vir...........................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..................................................

Posadres: ..............................................

..........................................................

..........................................................

.......................... ..........................
Datum Handtekening

# MENSE WAT DIEP IN AARDE KAN SIEN

**'n Sewentienjarige rooikopseun van Potchefstroom, Pieter van Jaarsveld, wat daarop aanspraak maak dat hy water en minerale onder die grond kan sien en reeds genoegsame bewys gelewer het dat dit geen sinsbedrog is nie, het wetenskaplikes hulle koppe die afgelope tyd laat krap sonder dat hulle 'n bevredigende antwoord kon gee.**

Reeds toe hierdie seun nog in die laer klasse op Burgersdorp op skool was, was dit onder sy maats bekend dat hy water onder die grond kon sien. Die feit dat hulle hom vir die gek probeer hou het, het egter gemaak dat hy hierdie talent sover moontlik verswyg het. Baie min boere in die omgewing het waarde aan die juistheid van die verhaal geheg totdat later geblyk het dat are wat die seun met sy blote oog aangedui het, sterk water opgelewer het.

Hy het onlangs in die kalklig gekom nadat hy onder die aandag van mynbase en persone wat al hoop opgegee het om water raak te boor, gekom het. In Rhodesië en elders het hy sterk water aangewys. Salisbury, wat weens droogte 'n groot gebrek aan water gehad het, het vandag as gevolg van die aar wat Van Jaarsveld aangedui het, volop water.

**TOETSE**

Die seun is ook aan toetse onderwerp. Juwele is onder die grond weggesteek en goed bedek. Hy het sonder enige moeite die voorwerpe uitgehaal. Dit is op verskillende maniere herhaal en hy het elke keer dit aangewys.

Van Jaarsveld verklaar dat hy namate hy ouer word dit moeiliker vind om water aan te wys. Dit vereis groter inspanning en konsentrasie. Ook hou hy hewige hoofpyne daarvan oor.

**OOM GAWIE**

Nog 'n persoon wat water met sy blote oog onder die grond kan sien, mnr. Gawie Viljoen van Lichtenburg, het onder die aandag gekom. Hy is reeds 66 jaar oud en het reeds baie sterk are aangewys.

**'n Eienaardigheid in verband met mnr. Viljoen, of oom Gawie soos hy bekend staan, is dat hy water of minerale kan aanwys selfs op 'n plek waar hy nie is of ooit was nie. Hy sal onmiddellik 'n kaart teken van 'n persoon se plaas terwyl hy in sy eie huis sit, en dan presies deur middel van landmerke aandui waar die water is.**

## Nuwe Soort Glas In Unie Vervaardig

'n Splinternuwe produk word tans in Suid-Afrika vervaardig. Dit is 'n soort versterkte glas wat feitlik so sterk soos yster is en 'n harde skok kan weerstaan sonder om te breek.

Hierdie versterkte glas wat in Port Elisabeth vervaardig word, besit die besondere eienskap dat dit nie breek soos gewone glas wanneer dit gestamp word nie. Dit kan verder gebuig en gedraai word sonder dat dit breek. Proefnemings het bewys dat 'n tien duim breë stuk van hierdie glas 'n drukking van 230 tot 280 pond kan weerstaan sonder om te breek. Dieselfde stuk glas van 'n kwart duim-dikte het geen barse getoon toe 'n stuk yster van 1½ pond van 'n hoogte van agt voet op hom gelos is nie. 'n Gewone stuk glas van dieselfde dikte het gebreek toe die gewig op 'n hoogte van dertien duim op hom geval het.

Die glas word volgens 'n geheime proses vervaardig. Dit word o.a. eers warm gemaak en dan weer vinnig afgekoel soos in die geval van yster wat hard gemaak word.

## „DENAZIFIKASIE" WORD GEDENAZIFISEER

**Die ontslag van Duitsers uit amptelike en half-amptelike betrekkings op grond van denazifikasie- (d.w.s. Politieke) oorwegings is sedert 1 Januarie hierdie jaar in die Britse besettings gebied beëindig, luidens 'n amptelike aankondiging verlede week, wat die wens daaraan toevoeg dat hierdie stap tot groot voordeel van die Duitse bevolking sal wees.**

Waarnemers het in die jongste tyd al meer op die belaglikheid van die denazifikasiepraktyk gewys waardeur tienduisende van Duitsland se bekwaamste amptenare werkloos gehou word omdat hulle volgelinge van Hitler was, onderwyl Amerika van buite af sukkel om op kunsmatige wyse lewe in Duitsland in te pomp. **Onder andere is daarop gewys dat onderwyl die Duitse volk met 'n geweldige siekte-omvang te doen het, duisende van sy beste dokters nog agter doringdraad aangehou word in 'n poging om hulle te „denazifiseer."**

## Reuse-Saadkwekery Vir Unie Beoog

**Finale planne vir 'n reuse-groentesaadkwekery, die omvang waarvan moontlik £3,000,000 per jaar vir plaaslike kwekers sal beteken, is deur die Minister van Landbou en mnr. R. W. Gunsen, van die firma R. W. Gunsen, Bpk., Londen, voltooi.**

Onsekere toestande in Midde-Europa, waar verskeidenhede van groentesaad voorheen gekweek is, het dit noodsaaklik gemaak om na ander geskikte streke te soek. Nu-Seeland, Australië, Midde-Afrika en die Unie is besoek, en die Unie is vir hierdie doel uitgekies.

Die firma is nie voornemens om saad in die handel te verkoop nie, maar sal van sy eie deskundiges hierheen stuur om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van die nuwe bedryf op 'n moderne grondslag, en sal in nou samewerking met die Departement van Landbou en boere verkeer.

Die firma stel slegs belang in een of twee verskeidenhede van 'n bepaalde soort saad, en nie in 'n groot aantal van verskillende soorte nie. Dit is natuurlik tot groot voordeel vir Suid-Afrika, aangesien dit die gevaar van kruisbestuiwing verminder en hantering makliker en goedkoper sal maak.

Hulle stel ook belang in ander saad soos sonneblomsaad, suikerbeet, kasteroliesaad en mangelwortelsaad.

Mnr. Gunsen sal eersdaags aankondig wat sy vereistes vir 1948 is, sodat dit betyds vir die volgende plantseisoen beskikbaar sal wees.

## Hollywood Verbeter

**Hollywood sal geen rampokker-rolprente meer vervaardig nie, luidens 'n aankondiging van die rolprentvereniging van Amerika.** Die aankondiging lui dat tot die stap besluit is omdat die buitewêreld vir 'n groot deel hul mening oor Amerika vorm na aanleiding van sy rolprente.

Die mening is ook uitgespreek dat die rolprentwese aangewend kan word as 'n groot hulp vir die Marshall-plan in die bestryding van kommunisme.

Hierdie opmerking volg ná die onlangse anti-kommunistiese kruistog teen Hollywood waaruit geblyk het dat sommige van die belangrikste rolprentsterre en belanghebbendes doelbewus kommunistiese propaganda probeer maak het van uit Hollywood.

## Operasie Teen Pyn

'n Operasie in die voorkop waarby sekere breinsenuwees geknip word, en wat voorheen aangewend is om mense van bekommernis te verlos, word deur 'n Amerikaanse dokter aanbeveel om pyn te verlig. Hy verklaar dat die operasie die „vrees vir pyn" uitskakel in gevalle soos kanker, rugpyn, ens. Die pyn sal nog gevoel word, maar aangesien dit geskei is van die vreesgevoel is dit meer draaglik.

## Gebiedsraad Vergader

**Die Wes-Kaaplandse Gebiedsraad (Gebied A) vergader op 23 en 24 Januarie in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou. Besprekingspunte moet voor 17 Januarie ingestuur wees.**

## Middernag-Diens Op Roedtan

Vir die tweede keer het die Roedtan-omgewing die nag van 24 Desember 'n middernagdiens gereël.

Die opkoms was waarlik verrassend; omtrent tweehonderd mense was teenwoordig. Van Elfuur die nag af het twee kore onderskeidelik opgetree, een wat bestaan het uit leerlinge van die plaaslike skool, en die ander bestaande uit 'n klompie geesdriftiges van die omgewing.

Om 5 minute voor twaalf het ds. G. C. Coetzee van die Hervormde Kerk van Potgietersrust die diens waargeneem. Sy teks is geneem uit Johannes 3: 16.—(Korr.)

## Kommunisme Onwettig

**Die Griekse regering het eindelik sover gekom om die Kommunistiese Party kragtens 'n wet van 1928 onwettig te verklaar. Hierdie stap het gevolg nadat die land al sedert die afloop van die oorlog in 'n dodelike worsteling met kommunistiese bendes, gesteun deur aangrensende lande onder Rusland se aanvoering, verkeer.**

**Na verklaar word is die taktiek van die kommunistiese rebelle om Griekeland deur aanhoudende krygsverrigtings ekonomies so uit te put dat chaos sal intree wat alle hulp uit die Weste nutteloos sal maak.**

A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

*MEUBELS*

**PRYSE STYG VINNIG**

**KOOP NOU**

**Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad**

**WERDA Meubelhandelaars (EIENDOMS) BEPERK**

**Groote Kerkgebou — Kaapstad**

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**FERREIRA—NEL.** — Hiermee wens ons, Frikkie Ferreira (alias Katsnôr), tans van Pretoria, en Alet Nel van Wonderkopstasie, bekend te maak dat ons die 20ste Desember verloof geraak het. 14/1/1

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ¼lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**LUSERN MEEL.** — Koop by 'n Afrikaanse Firma wat net die beste voorsien:— Lusernmeel 9/- per 100 pd. tot 4 ton, daarna £8 10/- per ton. **GEBAALDE LUSERN:** £6 10/- per ton. Gelewer Koffiefonteinstasie. Stuur leë sakke vir Lusernmeel. — **MOUTFABRIEK & MEULE,** Koffiefontein. 10/12/4B.

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
**Raadpleeg: NIEK NEETHLING,** Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL,** Langstraat 291. **KAAPSTAD.** Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

### HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454**

### PENMAATS

**DUISENDE** meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIE-KLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**VRIENDE** ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**DRIE SWITSERSE BULLE,** 19, 21 maande en 5 jaar oud. Al drie goedgekeur en gebrand: £20 stuk. **Een goedgeteelde Switserse koei** met 7 maande verskalf, £23.—**G. M. HATTINGH,** Die Vlakte, Tarkastad. 14/1/1

**EEN CORRIDALE-RAM,** 6 tande, geteel deur Meneer Conolly, Oos-Grikwastad, £5/5/-.—**G. M. HATTINGH,** Die Vlakte, Tarkastad. 14/1/1

**LUSERN.** — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafeer vir besonderhede en prysopgawe — **N. WIENAND,** P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

**TWEE AIRDALE-TEFIES,** opreggeteeld, 4 maande oud, baie mooi en uitstekende waghonde. Prys £2 stuk, gelewer Lauterwater-sylyn.—**MEV. G. VAN ROOYEN,** P.K. Lauterwater. 7/1/2

### TE KOOP GEVRA

**EEN OF TWEE WINDMEULSTANDERS,** vir 8 en 12 voet wiele.—G. M. HATTINGH, Die Vlakte, Tarkastad. 14/1/1

# STALIN OMSKEP BALKAN IN MAGTIGE EMPIRE

**Berigte dui daarop dat Rusland besig is om 'n groot Balkan-empire binne die volgende paar maande in die lewe te roep wat moet dien as 'n buffer tussen hom en die Weste en terselfdertyd as 'n afspringplek vir kommunistiese agressie wanneer die tyd daarvoor ryp geag word. Saam hiermee hang die uitroeping van 'n kommunistiese rebellebewind in Griekeland onder leiding van genl. Markos.**

**Amerika, gevolg deur Engeland het reeds aangrensende Balkanlande soos Joegoslawië en Bulgarye gewaarsku dat erkenning van die Markos-regering 'n oortreding van die volkereg en 'n bedreiging van die vrede sal wees.**

Die skepping van 'n Balkanse Empire, met 'n bevolking van 50 miljoen, is glo Stalin se antwoord op die Marshall-plan en die tydstip daarvoor hang af van hoe gou en doeltreffend die Amerikaanse Kongres die hulpmaatreëls sal goedkeur.

**Die Empire-plan wat in Moskou opgestel is, omhels Joegoslawië, Bulgarye, Roemenië, Hongarye en Albanië, met Tsjeggo-Slowakye as die arsenaal wat oorlogstuig moet lewer. Die hoofstad sal Belgrado wees, en die opperbevelhebber van die gesamentlike leër maarskalk Tito en langs hom Dimitrov van Bulgarye.**

FINAAL

Die plan het verlede week finaliteit bereik by geleentheid van die besoek van Tito aan Boekarest toe koning Michael van sy troon gestoot is — hoofsaaklik glo omdat hy nie die aanstelling van die kommunis Emil Bodnarash as nuwe minister van verdediging wou goedkeur nie. **Laasgenoemde het onmiddellik begin met 'n uitgebreide suiwering van die Roemeense leër wat ses generaals en meer as sewentig kolonels insluit. 'n Soortgelyke suiwering vind ook in Bulgarye op die oomblik plaas. Dit alles dui op militêre voorbereidings binne die nuwe Kommunistiese Empire.**

# Immigrant Terug: Sê Hy Is Mislei Deur S.A.-Huis

**Nog 'n klagte dat Suid-Afrika-huis Britse immigrante 'n misleidende voorstelling van toestande in Suid-Afrika gee, vind uitdrukking in 'n brief in die Cape Argus van 'n immigrant wat besluit het om terug te keer „Home"-toe. Hy skryf onder meer:**

**„Waarom moet Suid-Afrika-huis vertel dat daar oral in Suid-Afrika plek vir geskoolde arbeiders is, terwyl ek „Home" toe moet gaan weens gebrek aan werk?"**

Voortgaande kla hy dat die lewenskoste so verskriklik hoog is, veral as 'n mens siek word. „Die doktersfooie is baie hoog en ek weet nie hoe ek ooit 'n operasie sal oorleef as ek vir een moet betaal nie."

Die immigrant laat duidelik blyk dat hy ook mislei is deur die oorlogse geesdrif: „Op 'n paar uitsonderings na is die mense baie onsosiaal. Hoe het hulle nie verander sedert ek in 1940 hier verbygegaan het onder weg na die Noorde toe en die histerie van die oorlog die wêreld oorstroom het nie!......

„Ek gaan huistoe omdat my familie nie op Suidoosters alleen kan lewe nie......"

WAARHEID NODIG

**As in aanmerking geneem word dat immigrante met behulp van 'n reeks komitees en staatsliggame aan werk gehelp word terwyl Unie-burgers op eie kragte aangewys is om 'n nessie te skrop, en verder dat daar reeds duisende werkloses in ons stede geregistreer is, moet die klagte van hierdie immigrant beslis 'n aanduiding wees dat die regering se immigrasie plan nou sy versadigingspunt bereik het. En dan het dit tyd geword vir Suid-Afrika-huis om aan die 95,000 Britte wat wag om na die Unie te kom, 'n duidelike beeld te gee van wat die toestande hier is.**



## Militêre Leier

**Soos in 'n berig op hierdie bladsy gemeld word, het Stalin planne gereed om 'n Balkanse Empire uit te roep waarvan maarskalk Tito, diktator van Joegoslawië, militêre leier sal wees. Op die foto word Tito (links) by sy aankoms in Hongarye in verband met samesprekings, gesien saam met die Hongaarse eerste minister Dinnyes.**

(Vervolg van bladsy 1, kol. 4)

die Afrikanerdom laer getrek en met argwaan nuwe ondernemings en gedagtes gadegeslaan. Slegs enkeles het hul in die groot sakelewe gewaag. Die groot stede vol vreemdelinge is met vrees bejeën.

Hierdie tydperk van konsolidasie het veel bereik, maar het uiteindelik ontaard. Dit het verstar tot 'n tydperk van noodlottige minderwaardigheidsgevoel wat elke nuwe gedagte en elke aanraking met vreemdes of hulle werke as uit die bose beskou het, want, so is geredeneer, in 'n botsing met die vreemdeling sal die Afrikaner tog maar ondergaan. Toe die destydse Eerste Minister van Suid-Afrika, 'n man wat onoortroffe dienste aan sy land en volk gelewer het, Londen besoek het, was daar nie slegs kritiek op die beleid wat hy wou uitvoer nie, maar veeleer was daar agterdog teen sy persoonlike betroubaarheid waar hy met die Brit in aanraking gekom het.

Dis maar net nodig om die beskamende geskiedenis van genl. Hertzog se lewe tot die tragiek van sy einde te volg om die sieklike argwaan wat hom van die Afrikanerdom meester gemaak het te kan peil. Selfs diegene wat op moontlik aangebore dog wel beredeneerde gronde genl. Hertzog se beleid vandag nog afkeur, erken tog nou dat die persoonlike eerbaarheid van dié groot Afrikaner bo alle verdenking verhewe staan. En tog was dit in die eerste plek juis afgaande op hierdie blinde agterdog dat 'n benewelde Afrikanerdom sy mees effektiewe leier verwerp het.

STERIELE AFRIKANERSKAP

Voorbeelde kan vermenigvuldig word. Soos Paryse modepatrone vir die vroue was die patroon vir hóm wat as Afrikaner gereken wou word vasgestel. Hy wat besiel met ondernemingsgees tussen andersdenkendes in die sakelewe of in die politiek wou indring is allig as ,verraaier' gebrandmerk. Ook met diegene wat nuwe idees gevind het, het dit gebeur. Dis met geboë hoofde dat ons as Afrikaners ook moet erken dat leiers uit eie geledere gevind is wat, hetsy bewus of onbewus, hierdie drog-patriotisme uitgebuit en vererger het, dikwels skynbaar weens voorkeur wat daaraan gegee is om alleen in kleinlikheid te regeer liewer as 'n grootser bewind met andere te deel.

Vir hierdie karikatuur van vaderlandsliefde moet die gevestigde belange wat om Afrikanerpartygroepe opgebou is nie 'n geringe deel van die blaam dra nie.

DIE TEKENS VAN 'N KENTERING IS EGTER DAAR

Kenmerkend daarvan is bv. dat toe die huidige leier van die Opposisie 'n tydlank privaat met die Koning van Groot-Brittanje tydens sy onlangse besoek te Kaapstad 'n onderhoud gevoer het, geen grootskaalse veldtog van persoonlike verdagmaking teen hom om dié rede gevoer is nie, selfs nie deur diegene wat die ontmoeting om beginselredes afgekeur het nie.

'N NUWE GESINDHEID VIR NUWE TYD

**Die nuwe tyd eis onverbiddelik 'n nuwe gesindheid.**

**Vol vertroue in homself en in sy mede-Afrikaner moet die Afrikaner die toekoms betree. Oor die voor of die teen van die nuwe ontwikkelings val nie meer te redekawel nie: die tegniek van die twintigste eeu rol onstuitbaar voort oor Afrika. Die Afrikanerdom kan homself slegs aan die spits daarvan stel, waar hy sy eie wil kan deurvoer, sy eie bestaan kan beveilig en geskiedkundige dienste aan die wêreld kan lewer. Die veroweraarsbloed van die Voortrekker moet opnuut voort, nie om te onderwerp of te verdring nie maar om te ontgin en te beskaaf. Nie slegs 'n Rhodes moet dit gegun word om die kaart van Afrika 'n kleur te gee nie. Oranje en groen het 'n ewe goeie kans, vandag en môre, as wat rooi ooit gehad het.**

**Hiertoe behoort die bydrae van die Ossewabrandwag onder die leiding van dr. Van Rensburg geen geringe te wees nie. Meer as eens in die verlede het die Beweging verstarde begrippe in die staatkundige lewe verpletter en nuwe gedagtes ingedra om die Afrikanerdom van die dwingelandy van 'n hol frase te bevry.**

Die toekoms behoort aan 'n hernude Afrikanerdom.

# GROOT PRESENTE VIR SPAANSE WERKERS

**Spaanse staatsamptenare en pensioentrekkers het ekstra betaling in Desember ontvang by wyse van 'n Kersgeskenk. Die Spaanse regering het 'n bedrag van £7,500,000 vir hierdie doel gestem. Aan amptenare is 'n maand se salaris en aan pensioenarisse 'n maand se pensioen ekstra uitbetaal.**

Hierdie maatreël staan nie in verband met die Spaanse wet wat bepaal dat alle private werkgewers, met insluiting van koerant-maatskappye, tweemaal per jaar hul werknemers 'n ekstra maand se loon moet uitkeer nie — eenmaal met Kersfees en eenmaal op 18 Julie ter herdenking van die uitbreek van die burgeroorlog in 1936.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein Kaapstad.

## *Kommuniste Vervang Hitler Op Rol van Eer*

Die Berlynse ererolle het tot 'n paar weke gelede nog steeds die name van Hitler, Göring en ander hooggeplaaste Nazi's bevat. Toe hierdie vir die Geallieerde ontstellende feit ontdek is, is dadelik opdrag gegee vir die verwydering van hul name.

**Die enigste nuwe naam wat sedert die oorlog tot die lys toegevoeg is, is die van Wilhelm Pieck, die in Moskou opgeleide kommunis wat tans gesamentlike leier van die Russies-beheerde Sosialistiese Eenheids party is.**

# Stalin op Krukke: Spesialis Ontbied?

**Gerugte wat 'n groot vraagteken agter Stalin se gesondheidstoestand plaas, het verlede week die ronde gedoen nadat die bekende Sweedse kankerdeskundige, prof. Berven, inderhaas na Moskou ontbied is.**

Hoewel die professor by sy aankoms in Finland ontken het dat hy vir behandeling van 'n belangrike pasiënt ontbied is, en beweer het dat hy maar 'n besoek aan Russiese spesialiteite terugbetaal, is Reuter deur sy kollegas meegedeel dat hy vertrek het ingevolge 'n dringende telegram, dat hy sy instrumente saamgeneem en gesê het dat hy nie weet wie sy pasiënt is nie.

**Die gerug dat Stalin die pasiënt is, is versterk deur die verklaring van Brandao, die Brasiliaanse gesant wat so pas uit Moskou teruggeroep is, dat Stalin ernstig ongesteld is. Hy het aan verslaggewers gesê dat Stalin se regtersy gedeeltelik verlam is en dat hy met behulp van krukke moet loop.**

Inmiddels het twee Switserse koerante berig dat Stalin reeds oorlede is. Die berig is nie amptelik in Moskou ontken nie, maar Reuter berig dat hy uit „betroubare bron" verneem het dat Stalin gesond is.